

Hoofstuk van die dag: Job 27

> *Daarom kan ek nooit toegee dat julle reg het nie: tot my dood toe sal ek volhou dat ek onskuldig is. (vers 5)*

Job hou vol dat sy gewete hom nie pla nie omdat hy onskuldig is. Daarmee sê hy nie dat hy sonder sonde is nie, maar dat hy reg lewe voor God. Solank die asem van God in hom is, só beloof hy plegtig, sal hy niks sê wat verkeerd of onwaar is

nie (vers 3-4).
Omdat sy gespreksgenote volhou dat hy deur God gestraf word oor iets wat hy verkeerd gedoen het, selfs al ontken hy dit oor en oor, het hulle van vriende na teëstanders verander (vers 7). Hulle draai eintlik die rug op God omdat hulle Job bly beskuldig. So het hulle godloos geword en kan hulle nie op God se hulp staat maak wanneer hulle einde aanbreek nie (vers 8-9).
Wat Job hier sê, moet ons minstens laat dink oor standpunte en sekerhede wat ons so gemaklik en met groot stelligheid oor ander inneem en oorvertel. Te dikwels volg mense klakkeloos die uitsprake van ander. Sosiale media is vol van hierdie sg. waarhede, samesweringsteorieë en fopnuus wat onwaar is en God nie verheerlik nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026